



BELEIDSDOKUMENT VIR REKENAARGEBRUIK BY PRIVAATSKOOL ELNATAN



1. Die riglyne van die tipe elektroniese inligting wat aan leerlinge beskikbaar gestel word, word deur die Direksie bepaal.
2. Leerlinge word nie toegelaat om sagteware te gebruik wat nie vooraf goedgekeur en waarvoor daar nie betaal is nie behalwe "freeware" en "shareware".
3. Daar sal 'n "firewall" opgestel word as sekuriteit en gebruikers sal opgevoed word in die gevare van internet toegang: pornografie, "piracy", "spyware", virusse en kuberkrakers.
4. Leerlinge sal toekomstiglik moet betaal vir die maak van kopieë vir hul persoonlike drukwerk. Die installering van 'n leerling-fotostaatmasjien of drukker met betaalwyse soos 'n geldgleuf of kode sal ondersoek word.
5. Leerlinge is verplig om oorfone te gebruik tydens klasse en studie geleenthede ten einde nie hul maats te steur nie.
6. Rekenaars mag in die week slegs vir skoolwerk gebruik word, m.a.w. geen flieks of DVD's tensy dit vooraf goedgekeur is.
7. Geen rekenaars mag onder stiltetyd in die koshuis gebruik word nie.
8. Slegs matrieks mag hul rekenaars na aandstudie vir skoolwerk gebruik.
9. Die aflaai van onwettige data word as 'n ernstige oortreding beskou.
10. Die skool se eie skootrekenaars mag nie sonder toestemming van die verantwoordelike onderwyser geneem word nie.
11. Slegs opvoedkundige "speletjies" wat deur die skool verskaf en goedgekeur word, mag deur leerlinge gespeel word.
12. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir beskadigde of gesteelde rekenaars nie.
13. Graad 8 - 12 leerlinge moet hul skootrekenaar te alle tye gereed hê vir klas, m.a.w. toesien dat dit in bruikbare kondisie en die batterye gelaai is.
14. Wanneer 'n leerling se skootrekenaar gekonfiskeer word a.g.v. oortredings, bly dit die betrokke leerling se verantwoordelikheid om enige skoolwerk wat op die rekenaar gedoen moet word, op datum te kry.

STRAFPROSEDURE

- 1ste oortreding: 2 dae rekenaar afneem en 50 strafpunte
- 2de oortreding: 4 dae rekenaar afneem met 100 strafpunte en ouers word geskakel
- 3de oortreding: 6 dae rekenaar afneem met 150 strafpunte en leerling na die kantoor